DSGN

# MEMORANDUM

ISEBE LEMFUNDO LEMPUMA KOLONI
EASTERN CAPE EDUCATION DEPARTMENT
OOS-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT

IIMVIWO ZEBANGA LESHUMI ELINANYE
GRADE 11 EXAMINATIONS
GRAAD 11-EKSAMEN

**NOVEMBER 2008**

## ONTWERP – EERSTE VRAESTEL (TEORIE)

Hierdie memorandum bestaan uit 20 bladsye.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Inleiding:<br><br>HSoos in die 'Leerprogram Riglyne' vir Ontwerpe (2007) verduidelik: bestaan die eerste kwartaal werk vir Graad 12 uit die volgende kuns-style:<br><br>• *Kun en Kunsvlyt Beweging*<br>• *Art Nouveau*<br>• *Art deco*<br>• *Modernisme*<br>• *Pop Art*<br>• *Post Modernisme* | | | |
| | | | |
| Daarom word dit aanbeveel dat hierdie deel van die kurrikulum in Graad 11 begin word. Die vrae in hierdie vraestel daaroor kan as 'n voorbeeld beskou word van wat verwag kan word. Dit word aanbeveel dat die eerste vier bewegings in Graad 11 voltooi word: Dit is die Kuns en Kunsvlyt Beweging; Art Nouveau; Bauhaus; Art Deco. | | | |
| | | | |

| VRAAG 1 | | |
|---|---|---|
| **AS 3.3** Demonstreer kennis van die basiese teorie van ontwerp en kennis van die terminologie wat ontwerp beskryf.<br>**AS 3.4** Bespreek en verduidelik die konteks en doel van produkte, beelde, tekens en simbole wat in ontwerp gebruik word. | | |
| 1.1 | Fig. 1. Die Sanlam Logo<br>• Dit stel twee hande voor wat 'n ronde balvorm vashou. Die balvorm kan geïnterpreteer word as 'n eier.<br>• Die hande kan die veilighou van geld voorstel.<br>• Die eier kan 'n persoon se kern van rykdom voorstel (of nes-eier) wat groei namate die finansiële institusie daarna omsien (wat van so 'n institusie verwag word)<br>Fig. 2. Die Grens-Kei Besigheidskamer logo.<br>• Die beeld kan as volg beskryf word: Dit stel 'n inheemse Afrika plant voor wat onder die warm Afrika son blom. Beide stel groei voor.<br>**MAKLIK 4** | (4) |
| 1.2 | Sosiaal verantwoordelike ontwerpers sal gepaste Afrika beelde gebruik, wat belangrik vir die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse identiteit is. Dit is belangrik dat ons ontwerpe skep wat ons ekonomie 'n hupstoot gee en Afrika-trots herleef. Byvoorbeeld: Suid-Afrikaanse produkte moet meer gewild as ingevoerde ontwerpe word om sodoende meer werksgeleenthede te skep.<br>**MIDDELMATIG 2** | (2) |
| 1.3 | Beelde:<br>• Die plant kan as 'n aalwyn of 'n vuurpyl-lelie geïnterpreteer word, wat inheems aan Afrika is.<br>• Die son met sy sterk en duidelike strale is kenmerkend aan Afrika.<br>Styl:<br>• Die beeld bestaan uit plat, geometriese, gestilleerde, gepunte en hoekagtige vorme wat kenmerkend van Afrika ontwerpe is.<br>**MIDDELMATIG 2** | (2) |
| 1.4 | Fig. 1. Ja, want:<br>• Die beeld en die tipografie is eenvoudig, sterk en duidelik. Dit reflekteer die stabiliteit en krag van die institusie. Die geronde lettertipe wat by die geronde beeld pas dra daartoe by.<br>Fig. 2. Nee, want:<br>• Daar is geen duidelike verbinding tussen die beeld en die lettertipes wat gebruik is nie. Die eerste lyne is kursief en gerond en verbind glad nie met die geometriese hoekagtigheid van die beeld daarbo nie. | |

| | | |
|---|---|---|
| | • Die Times New Roman lettertipe in die onderste lyn pas nie want dit is te dekoratief met onnodige fieterjasies in vergelyking met die eenvoud van die beeld.<br>**UITDAGEND 2** | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| 1.5 | Die volgende soorte lettertipes was gebruik:<br>• Romeins: Die letters is regop, het skrewe (hale wat vanaf die hoofhaal van elke letter gemaak is).<br>• Skreef: Die lettervorm het ŉ kort haal wat vanaf die ente van die karakter/letter uitsteek.<br>• Skrif: Hierdie lettertipe lyk baie soos handskrif omdat die kleinletters baie maal aanmekaar geskryf is.<br>**MAKLIK 2** | (2) |
| | | |
| 1.6 | Die leerder mag oor enigeen van die volgende skryf of oor enige ander goed-beredeneerde voorbeeld wat toepaslik is.<br><br>**Klemtoon/Fokuspunt:**<br><br>Beeld: Dit is op die ligste gedeelte van die beeld – die son met die sterk strale wat uitwaarts straal.<br>Lettertipe: Die woorde Border-Kei is ook lig sodat die oog afwaarts daarna getrek word. Dit kan dus beskou word as nog ŉ klempunt of sekondêre fokuspunt.<br><br>**Simmetriese Balans:**<br><br>Beeld: Elke kant van die beeld weerspiëel die ander kant. Daar is ŉ enkele vuurpyl-lelie of aalwyn op elke kant van die sentrale een. Die simmetrie word verder deur die laterale punte van die diamantvorm, waarin die beeld geplaas is, beklemtoon.<br><br>Lettertipe: Die teks is gesentreerd onder die beeld wat verder tot die simmetriese balans van die algehele ontwerp bydra.<br><br>**Kontras:**<br><br>Beeld: Die baie ligte vorm van die son en die ligtheid van die lug is in sterk teenstelling met die donkerder toonwaardes in die res van die logo.<br>Lettertipe: Daar is dieselfde kontras tussen die woorde 'Border-Kei' en die agtergrond. | |

**Eenheid:**
Die lettertipe en die beeld is sterk verenig deur die herhaling van klemtoon, balans en kontras in beide die beeld en tipe, (sien die bostaande beginsels) en vorm sodoende 'n sterk verenigde geheel. **MIDDELMATIG 2** (2)

1.7 1.7.1 Die volgende Gestalt Beginsels kan toegepas word:

- Figuur-grond: Daar is 'n sterk figuur-grond verhouding tussen die motorfietse en die agtergrond.
- Uniforme samehorigheid: Dit word bereik deur die herhaling van soortgelyke vorme; dit is die motorfietse en die reghoeke.
- Sluiting: Selfs al is die reghoeke aan die een kant deur die vorm van die motorfiets gebroke, word hulle nog steeds as reghoeke geïnterpreteer.

**MIDDELMATIG 4, UITDAGEND 2** (6)

**[20]**

Noem van 3 beginsels: 3 punte
Verduideliking van hoe elkeen op die ontwerp toegepas kan word: 3 punte

| VRAAG 1 | 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 | 1.6 | 1.7 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| MAKLIK | 4 | | | | | 2 | | 6 |
| MATIG | | 2 | 2 | | | | 4 | 10 |
| UITDAGEND | | | | | 2 | | 2 | 4 |
| TOTAAL | 4 | 2 | 2 | | 2 | 2 | 6 | 20 |

**VRAAG 2**

**AS 3.5** Ondersoek, reflekteer op en interpreteer inligting vanaf 'n verskeidenheid bronne en verstaan die invloede wat ontwerp ontwikkel het, insluitende Afrika en Suid-Afrikaanse ontwerp, in die verlede en huidiglik.
**AS 3.6** Analiseer en interpreteer voorbeelde en verbind hulle met hul kulturele, geskiedkundige en hedendaagse kontekste.

2.1 Figuur 4: Art Nouveau
Figuur 5: Bauhaus
Figuur 6: Art Deco

ENIGE DRIE KORREKTE EIENSKAPPE KAN GEMERK WORD

Figuur 4:
- Dit was geïnspireer deur die natuur, spesifiek die naaldekoker.
- Die gebruik van kromagtige, organiese lyne wat die oppervlak van die lampstaander versier.

| | | |
|---|---|---|
| | • Die materiale is kenmerkend van Art Nouveau omdat hulle van helderkleurige loodglas gebruik gemaak het.<br>• Daar is dekoratiewe gebruik van detail.<br>• Die werk weerspieël die doelwitte van die beweging – dit wys die noue verwantskap tussen kunstenaar en vakman.<br><br>As die leerders na die Tiffany lamp as 'n kenmerkende produk van die Art Nouveau beweging verwys, kan punte toegeken word. | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Figuur 5: Die werk is kenmerkend aan Bauhaus omdat dit:<br>• van kenmerkende Bauhaus materiaal (buisstaal) gemaak is.<br>• geen oppervlakversiering bevat nie.<br>• uit eenvoudige, suiwer en geometriese vorme bestaan.<br>• die Bauhaus beginsel van 'vorm volg funksie' navolg.<br><br>Figuur 6:<br>• Die basiese struktuur bestaan uit geometriese vorme (die sfeer en die keël).<br>• Die versiering is kenmerkend – 'n kombinasie van organiese kurwes en blokagtige geometriese patrone.<br>• Die trapmotief beïnvloed deur Egiptiese en Afrika-kuns.<br>• Gestilleerde en vereenvoudigde vorme.<br>**MAKLIK 4, MIDDELMATIG 7, UITDAGEND 1** | | (12) |
| | | | |
| 2.2 | Figuur 7: Art Nouveau<br>Figuur 8: Bauhaus<br>Figuur 9: Art Deco | **MAKLIK 3** | (3) |
| | | | |
| 2.3 | 2.3.1 | Die stoel is kenmerkend van die Kuns- en Kunsvlyt beweging omdat:<br>• die ontwerp eenvoudig en onversierd is<br>• eerlikheid met betrekking tot die materiaal toegepas is, omdat die grein van die hout duidelik sigbaar is.<br>• die stoel is uit natuurlike materiaal - hout-gemaak.<br>• vorme eenvoudig is<br>• die ontwerp die natuurlike eenheid tussen vorm en funksie beklemtoon. (In die Kuns-en Kunsvlyt beweging sien ons die aanvang van die beginsel van 'vorm volg funksie').<br>**MIDDELMATIG 3**<br>ENIGE DRIE korrekte antwoorde. | (3) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 2.3.2 | ENIGE van die volgende antwoorde is korrek: | |

| Ontwerper | Voorbeeld |
|---|---|
| William Morris | Die Strawberry Thief. |
| Phillip Webb | Die Red House |
| William de Morgan | Heraldiese draak en arabesk ontwerp wat sodoende 'n Arabiese invloed toon. |
| Walter Crane | Swan, Rush en Iris |

**MAKLIK 2** (2)

2.4 Daar is baie voorbeelde wat die leerders mag kies om te studeer. Die voorbeelde vir die memorandum van hierdie vraestel gekies, mag gebruik word om die leerder te wys hoe hierdie vraag beantwoord kan word, en kan tot enige ander dissipline toegepas word – afhangende van die leerder se keuse.

Voorbeeld 1. XHOSA KRALEWERK:

'n Kort geskiedenis:

- Kralewerk vorm al vir 'n lang tyd 'n integrale deel van die Xhosa kleding tradisie.
- Die eerste glaskrale is na Suid-Afrika deur Arabiese, Portugese, Hollandse en Engelse handelaars gebring.
- Omdat krale skaars was, is hulle as baie waardevol beskou en is dikwels as handel- of ruilhandelstuk gebruik – en is later as 'n tipe geldstelsel gebruik.
- Soos die invloed van Hollandse en Engelse kulture Suid-Afrika binnegedring het, het krale al meer toeganklik en beskikbaar geraak, wat die ontwikkeling van Xhosa kralewerk tot 'n uitvoerige kunsvlyt meegebring het. **MAKLIK 3**

Ken DRIE punte toe. (3)

Gebruik van materiale, metodes en prosesse:

- Krale is aanvanklik uit natuurlike materiale soos volstruis-eierdop en metale gemaak.
- Om 'n stuk te skep is krale aan rugkante koei- en bokvel vasgewerk. M**IDDELMATIG 2**

Ken TWEE punte toe. (2)

| | | |
|---|---|---|
| | Doelwitte/funksies:<br><br>• Vorm deel van daaglikse drag asook vir spesiale geleenthede bedoel. Armbande, been-bande, halssnoere, krae, voorskote, gordels en kopbande is van die items wat as versiering gedra is. Voorwerpe soos pype en tabaksakke is met krale versier en word deur verskeie lede van die stam gedra.<br>• Xhosa kralewerk het ook as ŉ verenigende faktor vir die gemeenskap gedien deur die skep van ŉ gevoel van eendersheid en samehorigheid. Wanneer as versamelings beskou word, skep die kralewerk ŉ visuele rekord van die stam se geskiedenis.<br>• Gelukbringerhalssnoere word spesifiek gebruik om skade of euwel wat kinders bedreig, weg te hou.<br>• Lede van die Xhosa samelewing beweeg deur verskeie lewens-fases/stadiums wat deur verskeie stukke kralewerk gesimboliseer word.<br>• Kralewerk, sowel as die kleure wat gebruik word, kan spesifieke boodskappe oordra, bv. wit simboliseer verligtheid, suiwerheid en bemiddelling. **MIDDELMATIG 3**<br><br>Ken DRIE punte toe. | (3) |

| | | |
|---|---|---|
| | ŉ Bespreking van die moontlike gebruike in kontemporêre lewe:<br><br>• Kontemporêre ontwerpers kan die tradisionele tegnieke (soos baksteensteek, sirkelagtige peyote-steek, ens.) gebruik om mode items soos halssnoere en oorbelle) in ŉ nuwe konteks te skep - nou suiwer as versiering – en het dus sy ou sosiale konteks verloor.<br>• Lewer kommentaar op die etiese kwessies – hoe het dit die tradisionele betekenis verander?<br>• Lewer kommentaar op die ekonomiese potensiaal – die gebruik van ŉ tradisionele tegniek om ŉ nuwe mark te skep.<br>**UITDAGEND 2**<br>Ken TWEE punte toe. | (2) |
| | Voorbeeld 2. ZOELOE KERAMIEKWARE | |
| | | |
| | ŉ Kort geskiedenis<br><br>• Keramiekware is sekerlik die oudste menslike kunsvorm.<br>• Die vroegste potte dateer terug na 6800 BC.<br>• Die keramiekproses het basies vir duisende jare onveranderd gebly.<br>• Die eerste potte is handgemaak, maar daar is bewys van wielgegooide potte wat al so vroeg as 2500 BC in Mesopotamië gemaak is.<br>**MAKLIK 3**<br><br>Ken DRIE punte toe. | (3) |

| | | |
|---|---|---|
| | Gebruik van materiaal, metodes en prosesse:<br><br>• Zoeloe potte is gemaak deur die 'coil' tegniek gebruik.<br>• Rooi en donker klei is uit die berge versamel en fyngemaal tot ʼn poeier met ʼn maalsteen en dan uitgedroog totdat dit die regte digtheid en geskikte graad van rekbaarheid bereik.<br>• Die wande van die vat word geleidelik opgebou vanaf sirkelagtige basis. Versigtige aandag word aan simmetrie asook aan die korrekte wandwydte geskenk.<br>• Binne- en buitewande word gevorm en gepoleer met ʼn stuk kalbas, klip of metaalgereedskap.<br>• Wanneer die pot voltooi is, word dit met komberse toegemaak en in ʼn hut geplaas totdat dit leerhard is.<br>• Dit word dan vir sewe dae buite uitgedroog.<br>• Daar is twee hoof Zoeloe versieringstegnieke: toegepaste en uitgekerfde versieringe.<br>    o Toegepaste versiering word aangewend deur klein klei balle aan potte vas te heg of deur druk van binne die pot uit te oefen om uitsteeksels aan die buitekant te vorm.<br>    o Uitgekerfde versierings word gedoen deur patrone op die pot te teken en dan uit te kerf.<br>• Zoeloes maak gebruik van die putvuringsmetode – potte word in ʼn vlak put geplaas en bedek met droë aalwynblare en hout wat dan aan die brand gesteek word. Potte wat gebruik word om uit te eet of te drink moet ʼn tweede vuring ondergaan en droë beesmis word tydens die proses gebruik.<br>• Potte wat uit die tweede vuringsproses met ʼn swart voorkoms verskyn, word met appelliefie blare, ʼn klein plat klip en diervet gevryf, wat dit ʼn blinkswart afwerking gee. **MIDDELMATIG 2**<br><br>Ken TWEE punte toe. | (2) |
| | | |
| | Doelwitte/funksies:<br><br>• Fatsoene en groottes varieer volgens funksie – die grootste pot is die onversierde 'imbiza', ʼn pot wat gebruik word vir kook en wat tot 40 liter tradisionele bier kan hou.<br>• Drinkpotte bevat ʼn kruikfatsoen met ʼn silindriese tuit wat mors voorkom en skink vergemaklik.<br>• Die 'umancishane', ʼn kleiner pot, toon aan ʼn besoeker wat bier ontvang het, dat net ʼn kort besoek verwag word. **MIDDELMATIG 3**<br><br>Ken DRIE punte toe. | (3) |

ʼn Bespreking van die moontlike gebruike in kontemporêre lewe:

- Die vorms van Zoeloe potte kan aangepas word om by kontemporêre ontwerpstyle te pas en om hulle aantreklik vir die kontemporêre mark te maak.
- Versiering kan ook aangepas word om by die huidige mark aan te pas.
- Leerders moet kommentaar lewer op die etiese kwessies – hoe word die oorspronklike funksie en betekenis van die pot hierdeur geraak. **UITDAGEND 2**

Ken TWEE punte toe. (2)

**[40]**

| VRAAG 2 | 2.1 | 2.2 | 2.3 | 2.4 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| MAKLIK | 4 | | 2 | 6 | 12 |
| MIDDELMATIG | 7 | 3 | 3 | 10 | 23 |
| UITDAGEND | 1 | | | 4 | 5 |
| TOTAAL | 12 | 3 | 5 | 20 | 40 |

## VRAAG 3

**AS 3.6** Analiseer en interpreteer voorbeelde en vind verbande met hul kulturele, historiese en kontemporêre kontekste.
**AS 3.7** Verstaan en beskryf die materiale en prosesse gebruik deur gemeenskappe of individuele ontwerpbeoefenaars.

3.1 3.1.1 Enige van die volgende is korrek, sowel as enige ander goed beredeneerde antwoord.

Suid-Afrikaanse identiteit kan in ʼn ontwerp ingebring word deur:

- Inheemse tegnieke en materiale in kontemporêre ontwerpe te integreer en te reflekteer.
- Deur Suid-Afrikaanse kultuur te reflekteer.
- Deur Suid-Afrikaanse fauna en flora te reflekteer.
- Deur plaaslik beskikbare materiale te gebruik.
- Deur volkslegendes en beeldgebruik uit verskeie inheemse kennisstelsels van die verskillende kulture van die land te ondersoek.
- Deur tradisionele beelde op ʼn kontemporêre en innovrende maniere te ondersoek.

**UITDAGEND 3** (3)

3.1.2 Enige ontwerper uit die Woolworths bron ‘Living with Design Daily’ of Craft Art South Africa deur E. Coetsee. bv. Bongiwe Walaza.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Agtergrond en opleiding:<br><br>Bongiwe Walaza: (Mode-Ontwerper) **MAKLIK 1** | (1) |
| | | | |
| | | Was in die Ooskaap gebore, in 'n klein dorpie genaamd Mqanduli. As kind het sy daarvan gehou om handwerk te doen, soos breiwerk en naaldwerk. Haar ma was 'n rokmaker en Bongiwe het klere vir haarself van haar ma se oorskietlappe gemaak. Haar pa wou gehad het dat sy 'n mediese dokter word en het haar aangemoedig om op Wiskunde en Skeinat te konsentreer, wat daartoe gelei het dat sy geen handwerk na Graad 9 gedoen het nie. Op die ou einde studeer sy elektriese ingenieurswese en werk by Telkom na voltooiing van haar graad.<br><br>Terwyl sy by Telkom werk, begin sy om rokke vir haarself en kollegas te maak. Omdat sy nie gelukkig met die kwaliteit van die rokke was nie, het sy in 1997 by die Natalse Technikon ingeskryf om mode te studeer. Kort daarna het sy haar eerste ontwerpstoekenning gewen, die Du Pont Lycra toekenning, sowel as 'n 10-daagse reis na Parys, waar sy aan die Franse mode-industrie ontbloot was. **MAKLIK 2** | (2) |
| | | | |
| | | Afrika invloede en inspirasie:<br><br>Bongiwe is deur haar Xhosa agtergrond geïnspireer – die landskap, deur die patrone op 'shweshwe' en ander Afrika tekstiele, sowel as deur die uiteenlopende kulture in ons land en wil die vele ongetapte style, wat sy glo Suid-Afrika het, aanneem en uitbou. Sy voel die feit dat sy met byna niks begin het nie, haar geleer het om te improviseer.<br>**MIDDELMATIG 3** | (3) |
| | | | |
| | | Ontwerpsproses:<br><br>Navorsing is die belangrikste deel van die ontwerpsproses. Dit word gedoen deur skoue, uitstallings, klubs, winkels te besoek, films te kyk en koerante en tydskrifte te lees. Die sleutel tot die skep van nuwe idees is om die invloede in 'n sketsboek vinnig neer te skryf en om die inspirasie met 'n groeiende kennis van tekstiele, mode details en teikenmarkte te verbind. Die volgende stap is om jou eie weergawe van jou inspirasie te maak deur 'n storie deur jou sketse te vertel. Dan volg die teken van tegniese tekeninge wat in groter besonderhede ingaan. Patrone word dan ontwikkel en getoets in ongebleikte linne of 'n soortgelyke lap. Wanneer jy met die monster/toetsvoorbeeld (bekend as 'n 'toile') tevrede is en jy jou papier patroon aangepas het, kan jy 'n monster uit jou beplande materiaal sny. **MIDDELMATIG 3** | (3) |

| | | |
|---|---|---|
| | <u>Algemene eienskappe:</u><br><br>• Tekstuur, veral gedrukte material (bv. shweshwe') – meestal geometries in patroon – vertoon sterk in haar werk.<br>• Haar ingenieurswese studies het 'n gevoel vir struktuur in haar gebring wat sterk in haar werk sigbaar is.<br>• Sy gebruik 'n palet van net tradisionele, natuurlike materiale in haar reeks. Sy is huidiglik besig om 'n kombinasie van sintetiese en tradisionele materiale te gebruik.<br>• Sy voel nie aangetrokke tot hoofstroommode nie, maar leen elemente en neigings by hulle. Haar klere dra nog haar handtekening en oorspronge. **MAKLIK 3** | (3) |
| | Ken TWAALF punte toe | |
| | | |
| 3.2 | Verwys na TWEE internasionale ontwerpers van die LTSM, Design Culture Now.<br><br>Ken VIER punte toe as **MAKLIK**: name, voorbeelde van werke<br><br>'n In-diepte bespreking en analise van ontwerpers se doelwitte, metodes en materiale sal AGT punte tel: **MIDDELMATIG (8)** | (4)<br><br>(8) |
| | | |
| | Leerder moet invloede wat elke ontwerper op hom/haar gehad het, verskaf en dit goed verduidelik en motiveer. Ken 3 punte toe: **UITDAGEND (3)** | |
| | | |
| | Bv. 1. JULIE BARGMANN ('n ontwerper wie se werk 'n belangstelling in omgewingskwessies reflekteer).<br><br>Julie Bargmann word internasionaal erken as 'n ontwerper wat besoedelde en industriële persele in die VSA (wat ernstig deur, byvoorbeeld mynwerk of die neerstort van rommel beskadig is) te hernu. Sy ondersoek die kreatiewe potensiaal van hierdie gedegradeerde landskappe en verander hulle tot herleefde landskappe.<br><br>Haar werk 'Testing the Waters' is 'n transformasie van 'n vorige steenkoolmyn tot 'n park vir suurmyndreinering en gemeenskapsontspanning. Die park bestaan uit 'n landmassa wat uitgekerf is om 'n passiewe AMD behandelingsisteem te skep wat die publiek toelaat om die suiwering van die water fisies te aanskou – soos dit deur 'n reeks bekkens en deurvoerweë beweeg en kleur verander van oranje tot groen tot blou-groen. Die park bestaan ook uit 'n tuin van rye inheemse bome en struike wat mekaar afwissel, sowel as ontspanningsgeriewe soos piekniekgronde, speel-areas en wildslewe voetpaadjies. | |

Leerders moet ook presies en kortliks verduidelik hoe hy/sy deur hierdie ontwerper beïnvloed is.

Voorbeeld 2: Thomas Heatherwick

Thomas Heatherwick word as beide ’n kunstenaar en ’n argitek erken. Hy is ’n Engelse ontwerper en is vir sy innoverende gebruik van ingenieurswese en materiale in publieke monumente bekend. Hy is opgelei by die Manchester Metropolitan Universiteit en die Royal College of Art in Londen.

In 1994 het hy die Heatherwick ateljee gestig. Die ateljee se werk wissel van kommersiële en residensiële bouprojekte, meesterbeplanning en infrastruktuur skemas tot hoë profiel publieke kunswerke.

Heatherwick voel dat die genre van publieke kuns gewoonlik sterk met plek verbind is en hy probeer soveel as moontlik om ruimtes verbruikers-vriendelik te maak.

Die Rolling Bridge was ontwerp vir London se Paddington Basin, New York. Dit lig op vanaf die grond. Sierlik en amper stil boog dit opwaarts en krul in ’n balvorm. En dan stadig, ontkrul dit en een kant punt na die lug voor dit terugbeweeg na die grond.

Die Rolling Bridge werk met hidromeganika. Al die silinders word met ’n konstante snelheid aangedryf ongeag die lading op die segmente; dus beweeg die struktuur glad en neem twee minute om oop of toe te maak. Die pompe en ander toerusting word geherberg in ’n aansluitende gebou met die gevolg dat die brug amper heeltemal stil is wanneer dit oop of toe maak.

Die leerder moet ook kortliks verduidelik hoe hy/sy beïnvloed is hierdeur.

**MAKLIK 4, MIDDELMATIG 8, UITDAGEND 3** (15)

**[30]**

| VRAAG 3 | 3.1.1 | 3.1.2 | 3.3 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| MAKLIK | | 6 | 4 | 10 |
| MIDDELMATIG | | 6 | 8 | 14 |
| UITDAGEND | 3 | | 3 | 6 |
| TOTAAL | 3 | 12 | 15 | 30 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG 4**<br><br>**AS 3.9** Gee 'n kritiese oordenking oor hoe ontwerp die fisiese en sosiale omgewing vorm.<br>**AS 3.10** Demonstreer maniere waarop ontwerp gebruik kan word om die samelewing te bevoordeel. | | | |
| | | | |
| 4.1 | 4.1.1 | <u>Beeld:</u><br><br>Impak word geskep deur:<br>• Die driemaal herhaling van dieselfde beeld van 'n soldaat in 'n horisontale lyn<br>• Die vorms van die soldate vul die formaat.<br>• Die vereenvoudiging van die silhouette om sodoende nie van die boodskap weg te neem nie.<br><br>Die herhaling van die soldaat in uniform sonder 'n gesig simboliseer die gebrek aan individuele identiteit van 'n soldaat en dien om ons te herhinner dat die lewe van 'n soldaat een is van anonimiteit en dissipline.<br><br><u>Lettertipe:</u><br><br>Die gebruik van meer as een lettertipe grootte skep kontras. Die teks lyk amper soos koerant lettertipes wat verder klem op die erns van die saak plaas. Die uitleg is soortgelyk aan koerant hoofopskrifte en berigte. Die plasing van die skrif skuins oor die soldate, breek die eentonigheid van die horisontale band figure en trek die aandag na die figure, maar op so 'n manier dat dit nie die ontwerp as 'n geheel domineer nie. Dit lê verder die klem op die gesigloosheid van die soldate.<br><br><u>Toonwaarde:</u><br><br>Daar is sterk kontras tussen die ligte figure en die donker agtergrond. Dit stoot die figure vorentoe. Daar is ook sterk kontras tussen die ligte figure en die donker lettertipe. Die lettertipe verenig die figure met die agtergrond. Die donker agtergrond is plat met geen modellering van toonwaarde. Die figure is ook plat - die enigste detail is die teks.<br>**MIDDELMATIG 3, UITDAGEND 3** | (6) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 4.1.2 | L.W.: Laat asseblief ruimte vir goed-beredeneerde antwoorde sodat leerders punte toegeken kan word vir uiteenlopende antwoorde.<br><br>• Die hoofdoel van 'n plakkaat is om 'n boodskap te gee – dit moet inligtend/leersaam wees.<br>• Dit moet maklik wees om te lees (leesbaar) en maklik om te verstaan.<br>• Die beeld en die teks moet saamwerk om die boodskap oor te dra.<br>• Die lettertipe moet vanaf 'n afstand leesbaar wees.<br>• Somtyds gee plakkate 'n emosionele boodskap om sosiale of omgewings bekommernisse aan te spreek.<br>• Die beeld moet nie die lettertipes oorskadu nie. Die boodskap moet byvoorbeeld altyd maklik wees om te lees.<br>• Die beeld en lettertipe moet toepaslik tot die boodskap wees.<br>• Dit moet die nodige relevante inligting soos datum, tyd en plek aandui, wanneer toepaslik.<br>**MAKLIK 2, MIDDELMATIG 2** | (4) |
| | 4.1.3 | Die leerder moet enige VIER van die volgende gee:<br><br>• Goties<br>• 'Old Face'<br>• Tradisioneel<br>• 'Modern Face'<br>• Egipties<br>• 'Fat Face' **MAKLIK 4** | (4) |
| | 4.1.4 | Die paragraaf moet ten minste SES van die volgende punte insluit:<br><br>• Lettertipe grootte: Dit verwys na die diepte/hoogte van 'n lettertipe. Die standaard punt grootte vir teks is 12 punte.<br>• Punt: Dit word gebruik om lettertipe grootte te meet. Daar is 72 punte in een duim. Punt groottes wissel tussen 6 en 72 punte.<br>• Pika: Dit is deel van die puntstelsel en staan ook bekend as 'n 'maat'. Dit verwys na die wydte waarop 'n tipelyn opgestel is en word gebruik om groter mates soos 'n lettertipe lyn te meet. Daar is 6 pikas in een duim/15 picas = 6 punte.<br>• Stel: Dit verwys na die wydte van 'n stuk lettertipe en word in eenhede gemeet. Die hoeveelheid eenhede per stel hang af van die wydte van die letter. | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | • Em: 'n 'Em' is die vierkant van die lettertipe Grootte en is gebaseer op die ruimte wat die hoofletter M bevat (daarom die naam).<br>• 'Leading': Dit verwys na die grootte van die ruimte tussen lyne wat die leesbaarheid van die teks vergemaklik<br>• Woordspasiëring: Hierdie is die ruimtes tussen woorde. Elke ruimte is die wydte van 'n klinker<br>• Letterspasiëring: Dit is die ruimte tussen elke letter.<br>• 'Kerning': Dit is die kombinasie van meer as een letter op 'n enkele stuk lettertipe sodat die letters oorvleuel, byvoorbeeld To, Fi, Ti.<br>• Tipe groepering/plasing ('Alignment'): Die plasing van die teks op die bladsy (regs, links of middel).<br>**MAKLIK 1, MIDDELMATIG 5** | (6) |

| | | |
|---|---|---|
| 4.2 | Leerders kan na enige kontemporêre ontwerper of groep verwys wie se werk sosiale verantwoordlikheid toon, bv. in die Woolworths bron 'Living with design daily" of 'Craft Art in SA' deur E. Coetsee. Moontlike voorbeelde sluit in Mapula, Streetwires en die Mielie gemeenskapsontwikkeling projek. Leerders moet punte vir die uitlig van doelwitte, eienskappe ontvang en invloede van die ontwerper wat met sosiale verantwoordelikheid verband hou.<br>Garth Walker:<br><br>Garth Walker is 'n suksesvolle en bekende Suid-Afrikaanse grafiese ontwerper. Oorspronklik het die hele maatskappy bestaan uit hom en een rekenaar, maar in 1997 het hy "OJ - Orange Juice Design" gevestig.<br><br>Garth se doelwit is om 'n verantwoordelikheid teenoor die ontwikkeling van ontwerp te toon – hy bevorder 'n plaaslike ontwerpstyl gewortel in 'n Suid-Afrikaanse ervaring. Die gewone mense van Suid-Afrika is sy grootste bron van inspirasie.<br><br>Die maatskappy publiseer 'n nie-kommersiële ontwerpstydskrif, Ijusi, om in voeling met die plaaslike kultuur te bly waarin hul gewortel is, met die doel om geleenthede aan ontwerpers uit uitlopende agtergronde en kulture te gee om saam te werk en hul eie idees te ondersoek. Die tydskrif beeld vars idees uit, asook die werk van Suid-Afrika se top ontwerpers.<br><br>Die "Orange juice Design" ateljee se portefeulje in die ontwerp van logos, verpakking en ander bevorderingsmateriaal van "Impulse", "Canderel" en "Tastic Rys". | |

Die Konstitusionele Hof is gebou op ’n perseel wat eens deur ’n hoë-sekuriteit gevangenis – die ‘Ou Fort gevangenis’ beset is. Regdeur die apartheidsjare was die gevangenis ’n plek van onderdrukking, marteling en opsluiting. Vandag is die hof ’n simbool van gelykheid, demokrasie, waarheid, waardigheid en vryheid en sy taak is om die regte van mense soos uiteengesit deur die Konstitusie van Suid-Afrika, geformuleer na 1994, te ondersteun.

’n ‘Sosiaal bewuste’ ontwerp deur hierdie maatskappy is deur die unieke lettertipe ontwerp vir die interne, sowel as eksterne tekens van die Konstitusionele Hof. Hy gebruik die graffiti en handgeskrewe letters op die mure van die gevangenis om die basis van die nuwe lettertipe te vorm. Die doel was nie net om nuwe lettertipe te skep nie, maar ook een wat met die gebou verband hou, die perseel, sy geskiedenis en die mense van Suid-Afrika.

Om die lettertipe selfs meer simbolies te maak, word dit uitgebeeld in Suid-Afrika se 11 amptelike tale, asook in die verskillende kleure van die nasionale vlag op die fasade van die hofgebou.

**MAKLIK 2, MIDDELMATIG 5, UITDAGGEND 3** (10)

| VRAAG 4 | 4.1.1 | 4.1.2 | 4.1.3 | 4.1.4 | 4.2 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| MAKLIK | | 2 | 4 | 1 | 2 | 9 |
| MIDDELMATIG | 3 | 2 | | 5 | 5 | 15 |
| UITDAGEND | 3 | | | | 3 | 6 |
| TOTAAL | 6 | 4 | 4 | 6 | 10 | 30 |

**VRAAG 5**

**AS 3.11.** Bespreek die basiese feite betreffende die bepaal van kostes en pryse tydens die bemarking van ’n ontwerpsproduk of diens.
**AS 3.12.** Toon ’n vermoë om produkte en dienste te ontwerp in terme van teikenmarkte.
**AS 3.13.** Begryp die besigheids- en sosiale verantwoordelikheid van ontwerpers.

5.1 Leerders moet vir goed-beredeneerde antwoorde punte toegeken word.

Die volgende kan as positief beskou word:

- Om plaaslike besighede en volhoubare ekonomieë te ontwikkel en bou.
- Die voorsiening van werkskepping
- Om die produk aanloklik te maak vir plaaslike en internasionale markte.

| | | |
|---|---|---|
| | Moontlike negatiewe effekte:<br><br>• Die moontlike verlies aan tradisionele kennissisteme.<br>• Die gevaar dat die kunstenaar van die kunsvlytproses geskei kan word.<br>• Die verlies aan tegnies vaardige vakmanne.<br>• Geen individuele erkenning van vakmanne.<br>**UITDAGEND 6** | (6) |
| | | |
| 5.2 | Enige van die volgende is aanvaarbaar, asook enige ander goed-gemotiveerde antwoorde.<br><br>Die plaaslike en internasionale toeriste-bedryf.<br>Die internasionale mark.<br>Stylvolle kontemporêre huise.<br>Stylbewuste mense. **MAKLIK 2** | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| 5.3 | Leerder moet ten minste DRIE punte uit Afdelings a, b, en c insluit asook enige ander geldige punt.<br><br>a) Bevordering/reklame<br><br>Wanneer 'n produk geadverteer word, is dit belangrik om dit in die bes moontlike manier te bevorder:<br><br>• Die vind van die beste plek, sowel as die beste manier om die idee aan die kliënt te kommunikeer is belangrik.<br>• Dit moet gebruik maak van 'n metode wat die grootste impak teen die minste koste skep.<br>• Die beste bevorderingsmetodes is gewoonlik eenvoudig en verseker dat die boodskap wat oorgedra word, duidelik en presies is en dat die essensie van die produk wat bemark word, vasgevang word, bv. hoe minder kleure wat gebruik word, hoe goedkoper is die maak van die produk.<br><br>Bevorderingsmetodes mag een of meer van die volgende insluit:<br><br>• Uitstallings, skoue, markte en direkte verkope.<br>• Deur middel van gedrukte materiaal: plakkate, advertensieborde, pamflette, brosjures, briefhoofde, unieke poskaarte, handelsmerke, nuusbriewe, etikette, verpakking en besigheidskaartjies. | |

| | | |
|---|---|---|
| | b) Die internet/Webbladbemarking:<br><br>• Dit is 'n vinnige, effektiewe manier om groot hoeveelhede mense enige tyd van die dag te bereik.<br>• Dit is nie so duur soos druk, radio of televisie-bemarking nie.<br>• Dit vergemaklik die uitberei van plaaslike tot internasionale markte.<br>• Rekenskap van adverteerders word difinitief meer verwag omdat reklame makliker is om op te spoor.<br><br>c) Die skep van 'n goeie beeld:<br><br>Om 'n kliëntebasis te skep is belangrik om 'n goeie beeld te skep beide<br>in terme van die produk en die maatskappy deur te verseker dat:<br><br>• Dit 'n kwaliteit produk is wat sy funksie vervul.<br>• Maatskappypersoneel wat altyd vriendelik, bekwaam en toegewyd tot die produk is.<br>• Die eerste indruk van die produk is goed in terme van beide verpakking en advertering.<br>• Die produk word afgelewer op die veiligste, mees betroubare en effektiewe manier wat die maatskappy kan aanbied.<br>**MIDDELMATIG 10** | (10) |

| | | |
|---|---|---|
| 5.4 | 'n Mens moet in ag neem wat die mark in staat is om te dra. Wanneer prysbepaling korrek gedoen is, sal 'n mens die maksimum inkomste ontvang sonder om potensiële kliënte weg te jaag.<br><br>• Die koste van die materiale wat nodig is om die produk te vervaardig moet in ag geneem word, asook:<br>• Die koste van vervoer wat nodig is om die materiale by die produksie-plek af te lewer.<br>• Die koste van die toerusting wat tydens vervaardiging gebruik word.<br>• Die huur van werksruimte, asook algemene kostes soos elektrisiteit en water.<br>• Algemene administratiewe kostes (telefoon, posgeld, skryfbehoeftes).<br>• Verpakking en etiketering.<br>• Bemarkingskostes.<br>• Die kostes van arbeid wat gebruik is om die produk te bemark en te vervaar **MAKLIK 6**<br><br>Enige SES punte. | (6) |

| | | |
|---|---|---|
| 5.5 | 'n Goed-ontwerpte brosjure sal insluit:<br><br>• Die maatskappy/ontwerper se logo.<br>• 'n Volledige beskrywing van die artikels en dienste wat verkoop word, asook die kontakbesonderhede van die maatskappy.<br>• 'n Leesbare en opvallende uitleg van visuele materiaal en teks.<br>• Slegs relevante inligting, samehangend aangebied op so 'n manier dat dit impak skep.<br>• Die aanbieding van inligting op 'n hiërargiese wyse (in orde van belangrikheid).<br>• Die integrasie van teks en visuele materiaal sodat niks spesifiek domineer nie. **MAKLIK 1, MIDDELMATIG 5**<br>(Leerders moet SES geldige en goed-beredeneerde feite insluit. | (6) |
| | | **[30]** |

| VRAAG 5 | 5.1. | 5.2 | 5.3 | 5.4 | 5.5 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| MAKLIK | | 2 | | 6 | 1 | 9 |
| MIDDELMATIG | | | 10 | | 5 | 15 |
| UITDAGEND | 6 | | | | | 6 |
| TOTAAL | 6 | 2 | 10 | 6 | 6 | 30 |

**GROOTTOTAAL: 150**